

8 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 67:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 67:2, 3

Alle nasies sal Hom prys!

Saam met Psalms 65 en 66 het Psalm 67 ook 'n universele gerigtheid. Dit is 'n lofpsalm wat moontlik by 'n oesfees gesing is. Die stoflike en geestelike seëninge van God moet oor die wêreld heen bekend word.

Die eerste vers eggo die priesterlike seën van Numeri 6:24-26. Die gebruik van hierdie baie bekende woorde dien as skakel tussen Israel se historiese verlede en die digter se wens dat God opnuut sy genade oor sy volk laat kom. Nadat hulle die seën van die Here ervaar het, word Israel self 'n seën vir die nasies. Kennis van God moet oorgaan tot lof aan Hom. Die mag en goedheid van God moet wêreldwyd bekend gemaak word, sodat God deur alle nasies geloof en geëer word.

Voorop in verse 2 en 3 staan die wens dat die Here ons genadig moet wees. Die vergewing van sonde is altyd dit wat ons die heel nodigste het. Daarop volg die gebed van gelowiges dat die Here hulle moet seën.

Wanneer ons self God loof met ons woorde, dan doen ons baie keer so min. Daarteenoor, as God ons seën, dan is dit in oorvloed. Dit bestaan uit genadegawes en daade, in die hede en in die toekoms! God seën ons vir een rede en dit is sodat sy Naam geëer en geprys mag word onder al die nasies.

Dit bring een vraag na vore: Is jou lewe van so 'n aard dat mense God wil eer en prys as hulle jou raaksien en sien hoe jy optree? Reflekteer jou lewe die verskil wat Christus daarin maak? Elke kerk en daarin elke gelowige moet daaraan herinner word dat ons so moet lewe dat ander God wil eer en prys. Op die einde sal alle nasies Hom prys!

Sing: Psalm 67:2, 3 (2001)

Dr. J Lion-Cachet (Klerksdorp)